

KINDERKERK: Inleidende les - Voet partytjie

Doel van les:

Inleidende les in ons reeks oor Daniel en sy vriende. Nadat hulle hierdie reeks voltooi het, sal hulle leer dat om 'n heilige en skoon lewe te leef 'n sterk en Goddelike reputasie bou.

(Jy kan die vertrek opmaak volgens die tema van die les - Voet partytjie. Jy kan verskillende soorte skoene soos bv. gumboots, hakskoene, tekkies ens. neersit in die vertrek en voetspore plak of tou in die vertrek span en voetspore laat afhang van die tou).

Hallo julle. Vandag hou ons 'n voet partytjie. Ons gaan 'n klomp speletjies speel waarvoor ons ons voete moet gebruik. Aan die einde van die speletjies gaan ek julle vertel hoekom ons juis ons voete vir die speletjies moes gebruik het.

Ysbreker 1: Minste voete: Elke groep probeer staan op die minste voete moontlik, bv 5 spelers het 10 voete en probeer om net 3-4 voete te hê wat die grond raak.

Ysbreker 2: Voet aflos: Deel die groot groep op in twee gelyke spanne. Laat die spanne in twee rye staan, so armlengte uitmekaar. Gee vir elke groep 'n bal wat hulle net met hulle voete moet aangee vir die persoon langs hulle deur die bal liggies met voet hulle te beweeg. Sodra hulle by die laaste persoon in ry gekom het, moet die bal weer op dieselfde manier teruggestuur word. Kyk watter groep is eerste klaar.

Ysbreker 3: Spring in, spring uit: Laat al die kinders in een groot sirkel staan terwyl hulle hande vashou. Jy gaan nou een van die volgende instruksies uitroep en dan moet hulle doen wat jy gesê het. Instruksies: spring in (kinders spring na binnekant van sirkel), spring uit (spring na buitekant van sirkel), spring regs en spring links. Staan ook in die sirkel en doen oefenlopie van elke instruksie saam met kinders dat hulle veral seker is oor links en regs. Nou kan julle met die speletjie begin. Wissel die instruksies af. Jy kan ook dieselfde instruksies twee maal agtermekaar uitroep en kyk wie vang jy so uit. Almal neem heeltyd aan die speletjie deel. Hou aan speel totdat die kinders verveeld raak.

Ysbreker 4: Spreekwoorde uitbeeld: Het julle geweet dat daar selfs spreekwoorde is waarin voete gebruik word? 'n Spreekwoord is so oulike manier van iets sê. Ek gaan nou vir julle bietjie van die Afrikaanse spreekwoorde oor voete lees en wat dit beteken en dan gaan ons kyk of ons dit kan doen.

- Wanneer dit donker in die huis is, en jy nie kan sien waar jy loop nie, dan moet jy voetjie vir voetjie loop. Dit beteken dat jy stadig en versigtig moet loop. Kom wys vir my hoe sal julle voetjie vir voetjie loop.

- Miskien is daar 'n oggend wat jy nie voel dat jy wil opstaan uit die bed vir skool nie, en dan kom jy grom grom op en is sommer vies vir almal. Dan sal iemand sê jy het met die verkeerde voet uit die bed geklim. Wys vir my hoe jy grom en vies lyk en nie lus het vir dinge nie.
- Ons hou veral daarvan om Woensdae aande voet warm te maak. Wat dink julle beteken dit? Dit beteken om te dans. Kom ons dans gou lekker saam. (Kan 'n liedjie saam sing en dans soos bv Popcorn, ens).

Ysbreker 5: Foot Pictionary: Hierdie speletjie is soos gewone Pictionary, maar in plaas van met hulle hande teken, gaan een speler teken met hulle voet. Gee vir elke groep 'n stuk ongedrukte koerantpapier, 'n koki of gem en bandana/tou of blinddoek. Kies 'n kind wat die kunstenaar wil wees. Bind nou die koki/gem aan kind se voet vas met die bandana/tou/blinddoek, en die groepleier trek dan 'n kaartjie met item op. Die kind moet dit wat op die kaartjie staan, probeer teken met hulle voet, en die groep moet raai wat dit is. Woorde om te gebruik: Huisie, boom, wolkie en sterretjie.

Sê: Ek hoop julle het ons voet partytjie geniet. Het julle geweet dat ons ook in die Bybel baie van voete, bene, staan en stap lees? Ja, soos Jesus wat sy dissipels se voete gewas het en hoe God wil hê ons die regte pad moet stap. Dan is daar ook Daniël en sy drie vriende wat moes opstaan en die regte ding doen toe mense wou hê hulle moet verkeerde dinge doen wat God se hart sou seermaak. Hulle het op die regte pad gebly al was dit vir hulle baie moeilik. Ons gaan volgende week hoor wat met hulle gebeur het.

Aktiwiteit: Indien daar tyd is, gee vir elke kind voetspore prentjie om in te kleur.

Sluit af in groepe met gebed.

Huisie

Boom

Wolkie

Sterretjie

